

**Skriflesing:** Markus 10 vers 17-31

**Tema:** Kies God en kry die ewige lewe.

Soek jy 'n oulike man vir jou dogter? in Markus 10 lees ons van so 'n man. Hy is belangrik. Hy is eerbaar en dwing respek af. En hy is toegewyd en 'n doener. Van 12 jaar af is hy baie gehoorsaam aan 'n klomp gebooie. En dan is hy nog ryk ook. Jy kan beswaarlik 'n beter keuse maak.

Hy het so 'n brandende vraag dat hy hardloop en voor Jesus val. Hy het ervaar dat daar 'n leemte is in die lewe wat hy tans leef. Hy weet dat daar iets soos die ewige lewe is en dat dit van die allergrootste belang is om dié lewe te kan verkry. Hy smag daarna.

Die man se vraag <sup>17</sup>“wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?” verraai sy invalshoek. Hierdie man is nie 'n magtelose en uitgelewerde nie. Hy wil iets doen, hy wil iets bied om die ewige lewe te kry.

Jesus sê vir hom dat hy die wet moet onderhou en die jongman antwoord dat hy dit al van sy kinderdae af doen. Jesus reageer nie met verontwaardiging op die man se ingenome antwoord nie. Markus sê: <sup>21</sup>“Jesus het na hom gekyk en hom liefgekry...”

Na die man se woorde <sup>17</sup>“Meneer, ek het dit alles van my kinderdae af gedoen”, sê Jesus vir hom: <sup>21</sup>“Net een ding kom jy kort. Gaan verkoop alles wat jy het, en gee die geld vir armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê. Kom dan terug en volg My!”

Jesus roep die jong man op tot gehoorsaamheid aan die groot gebod. Die ewige lewe is 'n lewende verhouding met God. Dit is om Hom in alles en oral eerste te stel in jou lewe. En dit is meer as om net die slegte te vermy. Dit is ook om in liefde die goeie te doen vir ander.

Die een ding wat tussen hierdie man en die ewige lewe staan, is sy besittings. Hy moes alles verkoop wat hy het. Om alles te verkoop, het beteken sy hele familie word daarby betrek. Destyds was familie en grond 'n man se grootste rykdom.

Hy kon sy grond nie aan enige iemand verkoop nie. Sy jonger broer was die volgende om daarop aanspraak te maak, daarna sy neefs en kleinneefs. En as daar dan nie iemand was nie, het die grond en die familie binne die stam gebly waarvan hulle deel was.

Om van sy grond afstand te doen, het beteken dat hy sy rug draai op sy familie. Hy gee sy identiteit, sy eer en aansien in die samelewing prys en word so 'n uitgelewerde en 'n magtelose.

Wat was die man se reaksie hierop? <sup>22</sup>“Hy het egter geskrik toe hy dit hoor en het bedruk weggegaan, want hy het baie besittings gehad.”

Die groot fout in die jongman se lewe is dat sy besittings 'n afgod is wat tussen hom en God staan. Die jongman se rykdom was vir hom belangriker as enigiets in die wêreld, belangriker selfs as die hunkering in sy hart na die ewige lewe. Nou ontmoet hy vir Jesus en leer die beginsels van Sy koninkryk. Hy ontdek dat alles wat op ander plekke van hom 'n man van aansien sou maak, hom nou niks baat nie!

Hy moet kies. Is sy begeerte om die ewige lewe te verkry groter as sy begeerte na aardse rykdom? Wat is vir hom die heel belangrikste: God en 'n lewe tot in ewigheid... of sy rykdom en die luilekkerlewe van hierdie wêreld? Net een ding kom jy kort...

Hierdie jongman is die enigste een van wie ons in die Nuwe Testament lees dat hy bedroef of bedruk weggegaan het uit die teenwoordigheid van Jesus. Die ewige lewe het vir hierdie rykaard te veel gekos!

Markus skuif hierna die fokus na die dissipels. Toe die jongman kop onderstebo wegstap, het Jesus na Sy dissipels rondom Hom gekyk en 'n ontstellende ding vir hulle gesê: <sup>23</sup>"Hoe moeilik sal mense wat ryk is, in die koninkryk van God kom." en <sup>24</sup>"Kinders hoe moeilik is dit om in die koninkryk van God te kom. <sup>25</sup>Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom."

Die dissipels se reaksie hierop? <sup>26</sup>"Dit het hulle geweldig ontstel en hulle het vir mekaar gesê: "Wie kan dan gered word?" As dit onmoontlik is vir 'n ryke, is dit nog meer onmoontlik vir vissermanne wat hulle op die onderste laag van die samelewing bevind.

En dan antwoord Jesus: <sup>27</sup>"Vir mense is dit onmoontlik maar nie vir God nie, want vir God is alles moontlik." Net God red. Hy maak mense deel van Sy koninkryk. Geen mens word gered deur sy eie knaende probeerslae of indrukwekkende koopkrag nie. Net 'n wonder van God se verlossing deur Jesus Christus kan jou red. Vir Hom is alles moontlik. Hy kan 'n dodelik siek mens gesond laat word. Hy kan 'n dooie lewendig maak. Hy kan enige mens, ook 'n ryk mens red! En Hy red ryk mense soos Saggeus, Josef van Arimatea en Nikodemus.

Mense kan niks doen om deel van God se koninkryk te word nie. God red mense. Hy maak mense deel van Sy koninkryk. Ons moet net kies om Hom in alles eerste te stel en ons lewens in geloof aan Hom oorgee. Ten spyte van wat Jesus nou net gesê het, val Petrus terug op wat hulle as dissipels gedoen het. <sup>28</sup>Petrus sê toe vir Hom: "Kyk, óns het alles verlaat en ons volg U." Hulle mag miskien nie ryk wees nie, maar hulle het iets gedoen. Hulle het alles verlaat. Hulle volg Jesus. Hulle is niks anders as die ryk jongman nie. Hy vra wat hy moet doen. Hulle sê wat hulle gedoen het.

<sup>29</sup>Jesus antwoord: "Dit verseker Ek julle: Daar is niemand wat ter wille van My en ter wille van die evangelie afgesien het van sy huis of broers of susters of ma of pa of kinders of eiendom nie, <sup>30</sup>of hy kry nou in hierdie tyd honderd keer soveel: huise en broers en susters en moeders en kinders en eiendom, saam met baie vervolging, en in die bedeling wat kom, die ewige lewe. <sup>31</sup>"Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, eerste."

Het jy die ewige lewe? Die antwoord op hierdie vraag hang van jou keuse af. Wie plaas jy in beheer van jou lewe: vir God of jou goed? Wie is in beheer van jou lewe?

**Amen**